


Love God Greatly Afrikaans Joernaal

*DIE GOD WAT HERSTEL*

Kopiereg © 2022 deur Love God Greatly Bediening

Toestemming word verleen om hierdie dokument te druk en te herproduseer vir die doel om die *Die God Wat Herstel* aanlyn Bybelstudie te voltooi. Moet asseblief nie hierdie dokument op enige manier verander nie. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in Dallas deur Love God Greatly.

Kaart ontwerp met hulpbronne van rawpixel.com / Freepik.

Bron vir inligting en data:
Joshua Project, joshuaproject.net/languages/cmn
(inligting verkry 13 April, 2022)

# 'N WOORD AAN OUERS

Hierdie Bybelstudiegids is ontwerp sodat vroue God se Woord saam met hul kinders kan bestudeer. Hierdie studiegids is spesifiek ontwerp om saam met die *Die God Wat Herstel* studiegids gebruik te word.

Love God Greatly is toegewyd om God se Woord toeganklik te maak vir vroue en kinders reg oor die wêreld. Nou kan jy God se Woord deel met die kinders in jou lewe deur middel van hierdie studie wat uniek ontwerp is vir jong harte.

# WEEKLIKSE GIDS VIR OUERS

Terwyl jy hierdie week die Bybel saam met jou kind lees, help hom of haar om die karakter van God en die weeklikse toepassing te verstaan. Jy kan hierdie elemente elke dag met jou kind bespreek om hom of haar te help om te groei in hul begrip van wie God is en wat dit beteken om vir Hom te leef.

# INHOUD


005 HANDLEIDING VIR OUERS
007 KEN HIERDIE WAARHEDE
009 HOOGTEPUNTE VAN DIE TAAL
010 INLEIDING
011 LEESPLAN
013 JOU DOELWITTE
014 WEEK 1
037 WEEK 2
056 WEEK 3
075 WEEK 4

# HOE OM GOEIE BYBELSTUDIEGEWOONTES VIR JOU KIND AAN TE LEER

## BID

Vra God om jou na die beste manier te lei om jou kind te nader oor Bybelstudie. Waarop sal jou kind die beste reageer op grond van wat hy of sy geniet?

### LEER HULLE OM TE BID

Gebed gaan oor ‘n verhouding met God, nie om die dinge te kry waarvoor ons vra nie. Help hulle om te verstaan dat gebed ‘n manier is om God te ken. Bid saam voordat julle met julle studie begin en as vrae tydens julle studie opkom. Nadat julle jul studie vir die dag voltooi het, vra God om julle te help om dít wat julle geleer het toe te pas. Laat jou kind met kort, eenvoudige gebede begin om die gewoonte aan te moedig.

## DOEN SAAM BYBELSTUDIE

Nooi jou kind om by jou aan te sluit en doen die studies saam. Maak dit ‘n spesiale tyd waarna jou kind kan uitsien, ‘n tyd van verbintenis met jou. Dit is ook verstaanbaar as julle nie altyd saam kan Bybelstudie doen nie.

### MOEDIG ONAFHANKLIKHEID AAN

Leer hulle hoe om die Bybelstudie op hulle eie te doen. Laat jou kind op sy of haar vlak deelneem. Dit sal hulle in staat stel om suksesvol op hul eie Bybelstudie te doen en hulle afhanklikheid van om altyd onderrig te word, verminder.

## BEVORDER GOEIE STUDIEGEWOONTES

Leer jou kind om na te dink oor wat hy of sy lees. Laat hulle vrae neerskryf en woorde onderstreep wat hulle nie verstaan nie. Leer hulle hoe om die antwoorde te vind deur ‘n volwassene te vra, dit in die Bybel of in ander hulpbronne op te soek, of om op ‘n betroubare webwerf met jou toesig te soek. Onthou, die antwoorde op vrae oor die Bybel word dikwels in die Bybel gevind. Help hulle om te ontdek hoe om hierdie antwoorde te vind.

### SKEP ‘N ROETINE

Besluit op ‘n vasgestelde tyd en spesifieke plek vir julle studie. Begin met realistiese verwagtinge, hetsy een keer per week, ‘n paar keer per week of elke dag. Moedig konsekwentheid en voltooiing aan, nie perfeksie nie.

### WEES ‘N VOORBEELD

Doen gereeld jou eie Bybelstudie en vertel vir jou kinders wat jy uit jou tyd saam met die Here leer. Praat met opgewondenheid oor jou eie Bybelstudie en wys vir hulle waarom dit belangrik is. Verduidelik aan hulle waarom jy besluit het om ‘ n spesifieke Bybelstudie te doen.

## PAS WAT JY GELEER HET TOE

Help jou kind om die waarhede wat hulle geleer het, met praktiese toepassing te verbind. Vra vrae, nie net oor die inhoud nie, maar hoe hulle anders kan optree op grond van wat hulle geleer het. Liedjies, kuns of handwerkaktiwiteite kan jou kind ook help om te onthou wat hulle geleer het.

## HOU DIT PRETTIG EN MOTIVEREND

Gebruik klein aansporings, soos plakkers of nuwe gekleurde potlode, om hulle betrokke en opgewonde te hou om die Bybel te bestudeer. Laat hulle met broers en susters, vriende of familielede deel wat hulle geskep of geleer het.

### WEES GEDULDIG

Volg ‘n positiewe benadering, wetende dat sommige dae baie beter sal gaan as ander. Verwag ‘n gemors, afleidings en selfs trane. Let op wat jou kind nodig het, en help hulle om aangespoor en betrokke te bly. Die doel is om hulle te leer van die God wat hulle liefhet en vir hulle gesterf het, nie vir ‘ n volmaakte Bybelstudietyd of ‘n skoon kombuistafel nie.

**Lei en leer hulle in waarheid, en laat God hulle harte wen.**

## STUDIEWENKE VIR VERSKILLENDE OUDERDOMME:

### PRE-PRIMÊRE / VOORSKOOLSE FASE (4-6)

Beklemtoon ‘n gedeelte van die SOAP-vers om op te fokus en ‘n paar sleutelwoorde vir jou kleintjie om te kopieer. Laat jou kind hul gebed aan jou voordra terwyl jy dit neerskryf en bid dit dan saam.

### GRONDSLAGFASE (6-8)

As jou kind maklik ontmoedig word met skryf, moedig hom of haar aan om te teken wat hulle uit die verse geleer het en soveel besonderhede as moontlik in te voeg.

### PRIMÊRE FASE (8-10)

Moedig jou kind aan om die verse op te soek en dit onafhanklik te lees. Maak seker dat hulle weet hoe die Bybel uiteengesit is en hoe om boeke, hoofstukke en verse op te spoor. Oefen om die boeke van die Bybel te memoriseer.

### SEKONDÊRE / JONG TIENERFASE (10-12)

Laat jou kind toe om onafhanklik te werk, maar bly beskikbaar om vrae te beantwoord, te bespreek wat deur die week geleer is, en saam te bid.

# KEN HIERDIE WAARHEDE

## GOD HET JOU LIEF

God het ons almal lief! Hy gee so baie om vir jou dat Hy sy eie Seun gestuur het om vir jou en my sondes te betaal, sodat ons vir ewig saam met Hom kan lewe.

God se Woord sê: "God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê." (Johannes 3:16).

## ONS SONDE SKEI ONS VAN GOD

Sonde is ongehoorsaamheid aan God. Ons almal sondig. God het ons geskep om in 'n verhouding met Hom te leef, maar ons sonde skei ons van Hom.

Ons is almal sondaars van nature en uit eie keuse, en daarom is ons geskei van God, wat heilig is. God se Woord sê, "Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie," (Romeine 3:23).

## JESUS HET GESTERF SODAT JY KAN LEWE

Ons weet dat wanneer ons nie na ons ouers of ander volwassenes luister nie, daar gevolge is. Ons mag dalk vir 'n ruk lank nie met ons gunsteling speelding kan speel nie, of nie by maatjies gaan kuier nie, of partykeer kan iemand seerkry as gevolg van ons ongehoorsaamheid.

Die ewige gevolg van ons sonde is die dood – vir altyd geskei van God. Maar God het 'n plan, Hy het sy Seun, Jesus, gestuur om vir ons sondes te betaal toe Hy aan die kruis gesterf het. Omdat Hy 'n volmaakte (sondelose) lewe gelei het, was Hy alleen in staat om die straf vir die sondes van die hele wêreld te betaal. Dit is God se gawe van verlossing, en dit is beskikbaar vir elkeen van ons.

God se Woord sê: "Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here." (Romeine 6:23); "Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was." (Romeine 5:8).

## JESUS LEEF!

Drie dae nadat Jesus gekruisig is en sy liggaam in die graf neergelê is, het Hy weer opgestaan en sonde en die dood vir ewig oorwin. Vandag bly Hy by God in die hemel en is besig om 'n plek voor te berei in die ewigheid vir elkeen wat in Hom glo.

Jesus sê: "In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. En as Ek gegaan

het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is." (Johannes 14:2-3).

## WEET JY KAN VERGEWE WORD

Daar is niks wat jy kan doen om jouself te red nie, maar die Goeie Nuus van die evangelie is dat Jesus jou kan red, en Hy het! Jy hoef net te glo dat jy 'n sondaar is en dat Jesus vir jou sondes gesterf het. Jy kan Hom vra om jou te vergewe en glo dat wat Hy vir jou aan die kruis gedoen het genoeg was om jou van die straf van sonde te red.

God se Woord sê: "As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered. " (Romeine 10:9–10).

## AANVAAR CHRISTUS SE GAWE VAN VERLOSSING

Hoe kan jy die gawe van verlossing aanvaar? Met 'n opregte hart kan jy 'n eenvoudige gebed soos hierdie bid:

Jesus,
Ek besef dat ek 'n sondaar is. Ek wil die liefde en vergifnis wat U vir my het, met ope arms aanneem. Vergewe my asseblief. Ek glo dat U vir my sondes gesterf en uit die dood opgestaan het. Ek gee my alles aan U oor en vra U om Here van my lewe te wees. Help my om die regte keuses te maak en U te volg. Leer my wat dit beteken om in vryheid te wandel terwyl ek onder U genade leef. Help my om te groei in u weë terwyl ek smag om U beter te leer ken.
Amen.

## BLY IN KONTAK EN GROEI

As jy hierdie gebed (of iets soortgelyks in jou eie woorde) gebid het, deel die goeie nuus van jou redding met jou ouers of 'n ander volwassene sodat hulle saam met jou kan bly wees!


As jy nie klaar deel van 'n plaaslike gemeente is nie, moedig ons jou aan om deel te word! As jy hulp nodig het om 'n gemeente in jou area te vind, vra 'n ouer om jou te help om 'n e-pos aan ons te stuur by info@lovegodgreatly.com.

# HOOGTEPUNTE VAN ONS WÊRELDWYE BEDIENING

## SJINEES, MANDARYNETAAL

**HOEVEEL MENSE WÊRELDWYD PRAAT HIERDIE TAAL:**

976,500,000



# INLEIDING

Hoe laat dit jou voel as jy vir iets moet wag? Niemand hou daarvan om vir iets te wag nie, maak nie saak hoe groot of klein dit is nie. Dis altyd moeilik om te wag, maar dis iets wat ons ons hele lewe lank sal moet doen. Terwyl ons moet wag vir alledaagse goed, wag ons ook dat Jesus terugkom aarde toe! Eendag gaan hy terugkom aarde toe en sy koninkryk hier vestig!

Advent is ‘n tyd om te onthou dat Jesus terugkom en dat ons wag op sy wederkoms. God het reeds sy belofte nagekom om vir ons ‘n Messias te stuur wat die wêreld van sonde sou verlos. Jesus is daardie Messias. Deur sy lewe, dood en opstanding word ons van sonde gered. Wanneer Jesus terugkom, gaan Hy alles nuut maak en alle pyn van die aarde wegneem.

Met Advent onthou ons dat die lewe op aarde nie perfek is nie. Die lewe kan wonderlik wees, maar dit kan ook swaar wees omdat ons wêreld deur sonde geraak is. Wanneer ons onthou dat God belowe om alles nuut en volmaak te maak en al ons pyn weg te neem, bou dit ons vertroue in Hom. Eendag sal daar niks pyn, niks trane en niks hartseer meer wees nie.

Terwyl ons wag dat Jesus terugkom, kan ons baie blydskap beleef! As ons onthou dat Hy kom om ons te herstel en by ons te woon, kan ons baie bly wees, selfs in moeilike tye. Hy sal herstel wat verlore gegaan het en al ons wonde genees. Ons kan God loof omdat Hy Jesus gestuur het om ons van sonde te red. Ons het blydskap oor Hom!

Soos ons al nader aan Kersfees kom, kan ons dink aan wie Jesus is en wat hy vir ons gedoen het. Het jy al vir Jesus in jou lewe ingenooi om jou Here en Verlosser te wees? Glo jy in Hom? Maria, Jesus se moeder, het lank nagedink oor alles wat God besig was om te doen terwyl sy op Jesus se geboorte gewag het. Ons kan dit ook doen terwyl ons gereed maak vir Kersfees.

Advent is ‘n tyd van wag. Ons wag op Kersfees, maar ons onthou ook op wie en waarvoor ons eintlik wag: Jesus Christus en sy terugkeer! God het vir ons ‘n wonderlike geskenk gegee in sy Seun, Jesus. Wanneer Kersfees kom, kan ons feesvier! Terwyl ons wag, kan ons onthou wie Jesus is en wat Hy vir ons gedoen het! Kom ons bestudeer saam God se Woord terwyl ons wag, nie net vir Kersfees nie, maar op Jesus se wederkoms.

# LEESPLAN

## WEEK 1—KOM, HERE JESUS!

- ○ **Maandag—In Afwagting op Verlossing**
  Lees: Jesaja 2:1–5
  SOAP: Jesaja 2:5
- ○ **Dinsdag—Soek die Vrede van God**
  Lees: Psalm 122
  SOAP: Psalm 122:8–9
- ○ **Woensdag—Die Komende Koning**
  Lees: Jesaja 11—12
  SOAP: Jesaja 11:10
- ○ **Donderdag—Alles Nuut**
  Lees: Openbaring 21—22
  SOAP: Openbaring 22:13
- ○ **Vrydag—Die Koms van die Seun van die Mens**
  Lees: Lukas 21:25–36
  SOAP: Lukas 21:27–28

## WEEK 2—HOE LANK, O HERE?

- ○ **Maandag—Roep om Hulp**
  Lees: Habakuk 1:1–4
  SOAP: Habakuk 1:2–4
- ○ **Dinsdag—Vertrou op Sy Getrouheid**
  Lees: Psalm 13
  SOAP: Psalm 13:6
- ○ **Woensdag—God Beskerm Sy Volk**
  Lees: Psalm 94
  SOAP: Psalm 94:14–15
- ○ **Donderdag—Die Here Kom Weer**
  Lees: Jesaja 40:1–11
  SOAP: Jesaja 40:10–11
- ○ **Vrydag—Die Heerlikheid wat Kom**
  Lees: Romeine 8:18–25
  SOAP: Romeine 8:24–25

## WEEK 3—JY SAL VREUGDE HÊ!

- ○ **Maandag—God Herstel**
  Lees: Psalm 126
  SOAP: Psalm 126:4–6
- ○ **Dinsdag—Juig!**
  Lees: Sefanja 3:14–20
  SOAP: Sefanja 3:17
- ○ **Woensdag—Die Aankondiging van Johannes se Geboorte**
  Lees: Lukas 1:5–25
  SOAP: Lukas 1:13–17
- ○ **Donderdag—Sagaria se Lofsang**
  Lees: Lukas 1:57–80
  SOAP: Lukas 1:76–79
- ○ **Vrydag—Hy is Betroubaar**
  Lees: Jesaja 35
  SOAP: Jesaja 35:9–10

## WEEK 4—GESEËND IS SY WAT GLO

- ○ **Maandag—Die Koning Sal Kom**
  Lees: Miga 5:1-3
  SOAP: Miga 5:3
- ○ **Dinsdag—Prys die Here!**
  Lees: 1 Samuel 2:1–10; Psalm 113
  SOAP: Psalm 113:1–2
- ○ **Woensdag—Die Aankondiging van Jesus se Geboorte**
  Lees: Lukas 1:26–45
  SOAP: Lukas 1:30–33
- ○ **Donderdag—Bewys Ons Guns**
  Lees: Psalm 123
  SOAP: Psalm 123:1–4
- ○ **Vrydag—Verhef die Here!**
  Lees: Lukas 1:46–55
  SOAP: Lukas 1:46–50

# JOU DOELWITTE

Skryf drie doelwitte neer waarop jy graag wil fokus elke dag wanneer jy God se Woord bestudeer. Maak seker dat jy gedurende die volgende paar weke terugverwys na hierdie doelwitte om jou te help om gefokus te bly. Jy kan dit doen!

1.

2.

3.

# WEEK 1

## GIDS VIR OUERS

**MEMORISEERVERS:**

Jesaja 2:5

**KARAKTER VAN GOD:**

God hou sy beloftes

**HOOFBOODSKAP:**

God het 'n belofte gemaak om Jesus te stuur en Hy het. God het ook belowe dat Jesus weer sal kom en ons glo Hy sal!

**WEEKLIKSE TOEPASSING:**

Vertrou God se beloftes.

## GEBED

Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.

WEEK 1

# KOM, VOLK VAN JAKOB, LAAT ONS LEWE IN DIE LIG WAT VAN DIE HERE AF KOM.

JESAJA 2:5

# MAANDAG - WEEK 1

## LEES

**Jesaja 2:1-5**

1 Die openbaring wat Jesaja seun van Amos ontvang
het oor Juda en Jerusalem. 2 Daar kom 'n tyd dat die
berg waarop die huis van die Here is, 'n blywende
plek sal hê bokant die bergtoppe en sal uitstaan bo
die heuwels. Al die nasies sal daarheen stroom, 3
baie volke sal daarna gaan en sê: "Kom, laat ons
optrek na die berg van die Here toe, na die huis
van die God van Jakob sodat Hy ons sy wil kan leer,
en ons daarvolgens kan lewe, want uit Sion kom die
openbaring, uit Jerusalem die woord van die Here."
4 Hy sal oordeel tussen die nasies, regspreek oor
baie volke. Hulle sal van hulle swaarde ploegskare
smee en van hulle spiese snoeiskêre. Die een nasie
sal nie meer die swaard teen die ander opneem nie,
en hulle sal nie meer leer om oorlog te maak nie. 5
Kom, volk van Jakob, laat ons lewe in die lig wat
van die Here af kom.

# MAANDAG - WEEK 1

**Lees: Jesaja 2:1–5**

**SOAP: Jesaja 2:5**

Kom, volk van Jakob, laat ons lewe in die lig wat van die Here af kom.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

Hoe goed is jy met wag? Partykeer hang dit af waarvoor ons moet wag! Advent—dit is wat ons die maand voor Kersfees noem—is 'n wonderlike tyd van wag. Waarvoor wag ons? Geskenke? Kos? Flieks? Tyd met ons familie? Hierdie is alles goeie dinge, maar daar is iets wat selfs beter as dit is.

Tydens Advent onthou ons hoe die mense van God vir baie jare gewag het vir God se beloofde Redder—Jesus. Advent herinner ons ook dat ons vir Jesus wag om weer te kom en vir die nuwe hemel en aarde, wanneer alles wat verkeerd is, weggeneem sal word. Elke Kersfees onthou ons hoe Jesus sal terugkeer en ons wag met groot opgewondenheid vir daardie dag.

Tot dan, laat God ons lei oor hoe ons moet lewe. Soos 'n brandweerman wat ingaan in 'n gebou wat vol rook is en wat sy lig moet gebruik om te sien waar hy moet gaan, "kom ons wandel in die Here se lig wat ons lei."

Bid vir geduld terwyl jy wag en vra God om jou te lei.

# DINSDAG - WEEK 1

## LEES

**Psalm 122**

1 'n Pelgrimslied. Van Dawid. Ek was bly toe hulle
vir my gesê het: "Kom ons gaan na die huis van
die Here toe." 2 En nou is ons hier binne-in jou,
Jerusalem! 3 Jerusalem is die stad wat stewig gebou
is, 4 waarheen die stamme kom die stamme van die
Here. Dit is 'n voorskrif vir Israel om die Naam van die
Here hier te loof, 5 Hier word reg gespreek, hier lewer
die koning sy uitsprake, die koning uit die geslag
van Dawid. 6 Bid dat Jerusalem vrede mag hê, dat
hulle wat hom liefhet, rustig mag woon. 7 Mag daar
vrede wees binne jou mure, rus in jou wonings. 8 Ter
wille van my broers en my vriende wens ek jou vrede
toe. 9 Ter wille van die huis van die Here ons God bid
ek dat dit met jou goed sal gaan.

# DINSDAG - WEEK 1

**Lees: Psalm 122**

**SOAP: Psalm 122:8–9**

Ter wille van my broers en my vriende wens ek jou vrede toe. Ter wille van die huis van die Here ons God bid ek dat dit met jou goed sal gaan.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

Sing jy ooit liedjies wanneer jy saam met jou familie of vriende reis? Die Israeliete het hierdie psalm gesing terwyl hulle teen die berg op geloop het, oppad na Jerusalem. Hulle het gesing en God gevra om vrede te bring aan hulle mede-Israeliete en om hulle te gee wat hulle benodig.

Jesus is die Vredevors. Sy lewe en sterwe bring vrede tussen ons en God. Dit laat ons toe om te leef soos God ons geskape het om te leef, naamlik om 'n verhouding met Hom te hê. Wanneer ons vrede met God ervaar, ontdek ons vrede in onsself en ons kan dan in vrede met die mense rondom ons leef.

Bid en sê dankie dat Jesus vir ons vrede met God gee. Vra God om jou te help om sy vrede in jou lewe te ken en jou te help om in vrede met ander mense te leef.

# WOENSDAG - WEEK 1

LEES

**Jesaja 11**

1 'n Takkie sal uitspruit uit die stomp van Isai, 'n loot uit sy wortels sal vrugte dra.
2 Die Gees van die Here sal op hom rus: die Gees wat wysheid en insig gee,
die Gees wat raad en sterkte gee, die Gees wat kennis verleen en eerbied
vir die Here. 3 Die takke sal vreugde vind in die diens van die Here. Hy sal nie
regspreek volgens uiterlike skyn nie en nie oordeel volgens hoorsê nie. 4 Hy sal
die armes billik verhoor en die ootmoediges in die land regverdig oordeel. Hy
sal die goddeloses in die land hard oordeel, met sy uitsprake sal hy hulle om
die lewe bring. 5 Hy sal regverdig en betroubaar regeer. 6 Wolwe en skape sal
dan saam bly, luiperds sal tussen bokkies lê, kalwers, leeus en voerbeeste sal
bymekaar wees en klein seuntjies sal vir almal sorg. 7 Koeie en bere sal saam
wei, hulle kleintjies sal bymekaar lê, leeus sal gras eet soos beeste. 8 Babatjies
sal by die gate van adders speel, klein kindertjies sal hulle hande uitsteek na
giftige slange. 9 Op my heilige berg sal niemand kwaad aanrig of iets verniel
nie, want die aarde sal so vol wees van die kennis van die Here soos die see
vol water is. 10 In dié tyd sal iemand uit die geslag van Isai 'n vaandel wees vir
die volke. Die nasies sal na hom vra, en sy woonplek sal hoë aansien geniet. 11
In dié tyd sal die Here 'n tweede keer sy hand uitsteek om die oorblyfsel van
sy volk los te koop, almal wat oorgebly het in Assirië, Egipte, Patros, Kus, Elam,
Sinar, Hamat en die kuslande rondom die Middellandse See. 12 Die Here sal 'n
vaandel oprig onder die nasies en sal die ballinge van Israel bymekaarmaak,
die verstrooides van Juda laat ssamkom van die uithoeke van die aarde af.
13 Efraim se naywer sal verdwyn, en Juda se teëstanders sal uitgeroei word.
Efraim sal nie weer jaloers wees op Juda nie, en Juda sal nie weer vyandig
wees teenoor Efraim nie. 14 Saam sal hulle in die weste die Filistyne aanval en
saam sal hulle die mense in die ooste plunder. Hulle sal die Edomiete en die
Moabiete verslaan, en die Ammoniete sal aan hulle onderdanig wees. 15 Die
Here sal die Nyldelta laat opdroog. Hy sal 'n skroeiende wind teen die Eufraat
stuur en net sewe kanale daarvan laat oorbly wat 'n mens met jou skoene
aan kan deurloop. 16 Daar sal vir die oorblyfsel van sy volk wat in Assirië is, 'n
grootpad wees soos daar was toe Israel uit Egipte getrek het.

**Jesaja 12**

1 Op daardie dag sal jy sê: “Ek loof U, Here! U was
kwaad vir my, maar U is nou nie meer kwaad nie
en U het vir my uitkoms gegee. 2 God is my redder;
Ek vertrou op Hom, ek is nie meer bang nie. Die
Here my God is my krag en my beskerming; Hy is my
redder.” 3 Met blydskap sal julle water skep uit die
fonteine van redding. 4 Op dié dag sal julle uitroep:
“Loof die Here, roep sy Naam aan, maak sy dade
onder die volke bekend en verkondig dat sy Naam
groot is. 5 Sing tot die eer van die Here, want Hy het
groot dinge gedoen, maak dit aan die hele wêreld
bekend. 6 Jubel en juig, inwoners van Sion, want
groot is die Heilige van Israel en Hy is by julle!”

# WOENSDAG - WEEK 1

**Lees: Jesaja 11—12**

**SOAP: Jesaja 11:10**

In dié tyd sal iemand uit die geslag van Isai 'n vaandel wees vir die volke. Die nasies sal na hom vra, en sy woonplek sal hoë aansien geniet.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

God het deur die profeet Jesaja vir sy mense meer vertel oor die beloofde Redder. Hy sou uit die stam van Isai gebore word. Isai was die pa van Koning Dawid en Jesus was een van Dawid se afstammelinge.

Jesaja het ook gesê dat die beloofde Redder wys, lojaal en regverdig sou wees en dat Hy met die Heilige Gees gevul sal wees. Hy sou nie net sien hoe mense van buite af lyk nie en Hy sou eerlik en betroubaar wees. Jesaja het dit alles oor Jesus geskryf voordat Jesus gebore is!

Jesus het alles wat die Ou Testament oor sy lewe, sterwe en opstanding belowe het, vervul. Hy sal ook alles wat oor sy wederkoms geskryf is, vervul. Terwyl ons wag en uitsien na Jesus se wederkoms, kan ons God vra om ons te lei. Ons kan ook vir ander vertel van al die wonderlike dinge wat Jesus vir ons gedoen het en wat Hy sal doen wanneer Hy terugkeer.

Bid vir mense wat jy ken wat nog nie Christene is nie. Vra vir God vir geleenthede waar jy vir hulle God se liefde kan wys en vir hulle van Jesus kan vertel.

# DONDERDAG - WEEK 1

## LEES

**Openbaring 21**

1 Toe het ek 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien. Die eerste hemel en die eerste aarde het verdwyn, en die see het nie meer bestaan nie. 2 En ek het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, van God af uit die hemel uit sien afkom. Die stad was gereed soos 'n bruid wat vir haar man versier is. 3 Toe het ek 'n harde stem van die troon af hoor sê: "Kyk, die woonplek van God is nou by die mense. Hy sal by hulle bly; hulle sal sy volke wees, en God self sal by hulle wees as hulle God. 4 Hy sal al die trane van hulle oë afdroog. Die dood sal daar nie meer wees nie. Ook leed, smart en pyn sal daar nie meer wees nie. Die dinge van vroeër het verbygegaan." 5 Toe sê Hy wat op die troon sit: "Kyk, Ek maak alles nuut." En daarna sê Hy: "Skryf hierdie woorde op, want hulle is betroubaar en waar." 6 Verder sê Hy vir my: "Dit het klaar gebeur. Ek is die Alfa en die Omega, die Begin en die Einde. Aan elkeen wat dors het, sal Ek te drinke gee uit die fontein met die water van die lewe, verniet. 7 Elkeen wat die oorwinning behaal, sal dit alles kry, en Ek sal sy God wees, en hy sal my seun wees. 8 "Maar dié wat bang en ontrou geword het, die losbandiges, moordenaars en onsedelikes, bedrieërs en afgodsdienaars en al die leunaars, hulle lot is die poel wat met vuur en swael brand, dit is die tweede dood." 9 Toe het een van die sewe engele wat die sewe bakke het waarin die sewe laaste plae was, gekom en met my gepraat. "Kom," hy het gesê, "ek sal jou die bruid wys, die vrou van die Lam." 10 Ek is toe deur die Gees meegevoer en die engel het my na 'n groot hoë berg toe geneem en die heilige stad Jerusalem vir my gewys, wat van God af uit die hemel uit afkom. 11 Die stad het die heerlikheid van God: sy glans is soos dié van die kosbaarste edelsteen, soos 'n kristalhelder opaal. 12

Die stad het 'n groot hoë muur met twaalf poorte. By die poorte is daar twaalf engele, en op die poorte is daar name geskrywe, dié van die twaalf stamme van die volk Israel. 13 Aan die oostekant is daar drie poorte, aan die noordekant drie, aan die suidekant drie en aan die westekant drie. 14 Die stad se muur het twaalf fondamente, en daarop is daar ook twaalf name, dié van die twaalf apostels van die Lam. 15 Die engel wat met my gepraat het, het 'n goue meetstok gehad om daarmee die stad self, sy poorte en sy muur te meet. 16 Die stad is vierkantig, net so lank as wat hy breed is. Hy het die stad toe met die meetstok gemeet. Die lengte, die breedte en die hoogte daarvan is dieselfde, twaalf duisend kilometer. 17 Hy het ook die muur om die stad gemeet. Dit is honderd vier en veertig meter hoog. Die engel het die mate van mense gebruik. 18 Die muur is met opaal gebou en die stad self met suiwer goud wat soos 'n skoon spieël lyk. 19 Die fondamente van die stadsmuur is met allerhande edelstene versier: die eerste fondament met opaal, die tweede met saffier, die derde met agaat, die vierde met smarag, 20 die vyfde met sardoniks, die sesde met karneool, die sewende met christoliet, die agste met beril, die negende met topaas, die tiende met chrisopraas, die elfde met hiasint en die twaalfde met ametis. 21 Die twaalf poorte is twaalf pêrels. Elkeen van die poorte is uit een pêrel gemaak. Die strate van die stad is van suiwer goud, blink soos 'n spieël. 22 'n Tempel het ek nie in die stad gesien nie, want sy tempel is die Here God, die Almagtige, en die Lam. 23 Die stad het nie die son en die maan nodig om hom te verlig nie, want die heerlikheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp. 24 Die nasies sal in die stad se lig lewe, en die

konings van die aarde verleen luister daaraan. 25
Die poorte daavan word gedurende die hele dag
nooit toegesluit nie: daar sal nie meer nag wees nie.
26 Die mense sal die luister en die rykdom van die
nasies daarheen bring. 27 Niks onreins en niemand
wat iets losbandigs en vals doen, sal ooit daarin kom
nie, maar net dié wie se name in die boek van die
lewe, die boek van die Lam geskrywe staan.

**Openbaring 22**

1 Toe het die engel my die rivier met die water van
die lewe gewys. Dit is helder soos kristal en dit stroom
uit die troon van God en van die Lam uit. 2 Tussen
die hoofstraat van die stad aan die een kant en
die rivier aan die ander kant staan die boom van
die lewe. Hy dra twaalf keer per jaar vrugte: elke
maand lewer hy sy vrugte. Die blare van die boom
bring genesing vir die nasies. 3 Daar sal niks meer
wees wat deur God vervloek is nie. Die troon van
God en die Lam sal in die stad wees, en sy dienaars
sal Hom dien. 4 Hulle sal Hom sien, en sy Naam sal
op hulle voorkoppe wees. 5 Daar sal nie meer nag
wees nie. Die mense het nie lig van 'n lamp en die lig
van die son nodig nie, omdat die Here God hulle sal
verlig, en hulle sal tot in alle ewigheid regeer. 6 Toe
sê die engel vir my: "Hierdie woorde is betroubaar
en waar. Die Here God, wat sy Gees aan die profete
gee, het sy engel gestuur om vir sy dienaars te wys
wat binnekort moet gebeur." 7 Jesus sê toe: "Kyk,
Ek kom gou! Geseënd is elkeen wat die woorde van
hierdie profetiese boek ter harte neem." 8 Dit is ek,
Johannes, wat dit alles gehoor en gesien het. Toe ek
dit gehoor en gesien het, het ek voor die voete van
die engel wat dit alles vir my gewys het, op my knieë
neergeval om hom te aanbid. 9 "Pas op, moenie!"

sê hy toe vir my. "Ek is 'n mededienaar van jou en van jou medegelowiges, die profete en dié wat die woorde van hierdie boek ter harte neem. Aanbid God!" 10 Verder sê hy vir my: "Moenie die woorde van hierdie profetiese boek geheim hou nie, want die eindtyd is naby. 11 Wie kwaad doen, moet voortgaan om kwaad te doen, en wie vuil is, moet vuil bly; maar wie doen wat reg is, moet voortgaan om reg te doen, en wie heilig is, moet heilig bly." 12 Jesus sê toe weer: "Kyk, Ek kom gou! Ek bring die loon saam met My om elkeen te beloon vir wat hy gedoen het. 13 Ek is die Alfa en die Omega, die Eerste en die Laaste, die Begin en die Einde. 14 "Geseënd is dié wat hulle klere was, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en deur die poorte in die stad kan ingaan. 15 Buitekant is die dwaalleraars, die bedrieërs en die onsedelikes, die moordenaars en die afgodsdienaars en almal wat valsheid liefhet en doen. 16 "Ek, Jesus, het my engel gestuur om dit alles aan julle in die gemeentes te betuig. Ek is die Wortel, dit is, die Nakomeling van Dawid. Ek is die helder Môrester." 17 Die Gees en die bruid sê: "Kom!" En elkeen wat dit hoor, moet sê: "Kom!" En elkeen wat dors het, moet kom; elkeen wat die water van die lewe wil hê, moet dit kom kry, verniet! 18 Ek betuig aan almal wat die woorde van hierdie profetiese boek hoor: As iemand iets hieraan byvoeg, sal God vir hom die plae byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is; 19 en as iemand een van die woorde van hierdie profetiese boek wegneem, sal God sy deel aan die boom van die lewe en aan die heilige stad wegneem waarvan in hierdie boek geskrywe is. 20 Hy wat dit alles getuig, sê: "Ja, Ek kom gou!" Amen! Kom, Here Jesus! 21 Die genade van die Here Jesus sal by almal wees

# DONDERDAG - WEEK 1

**Lees: Openbaring 21—22**

**SOAP: Openbaring 22:13**

Ek is die Alfa en die Omega, die Eerste en die Laaste, die Begin en die Einde.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:



## DAGSTUKKIE

Nadat Jesus terugkeer sal Hy 'n nuwe stad Jerusalem bou. In hierdie nuwe Jerusalem sal God met sy mense leef. Daar sal niks meer van die dinge wees wat ons ontstel of kwaad maak nie.

Die nuwe Jersalem lyk ook heeltemal anders. Ons sal nie die son nodig hê nie, want God sal die lig voorsien! Christene sal vir ewig met God leef en Hy sal vir ons lewe gee!

Miskien dink jy dat jy nie goed genoeg is om in die nuwe Jerusalem te leef nie. Niemand van ons is nie! Dit is net wanneer ons in Jesus en sy opoffering aan die kruis vertrou, dat enige een van ons daar kan ingaan.

Alfa is die eerste letter van die Griekse alfabet en Omega is die laaste. God het hierdie wêreld gemaak. Hy was daar in die begin. Hy sal dit ook op die regte tyd laat eindig en Hy sal iets wat selfs beter is begin, iets wat geen einde sal hê nie. God is die Alfa en die Omega!

Dank Jesus dat Hy sy lewe vir jou gegee het sodat jy vir ewig saam met Hom kan wees.

# VRYDAG - WEEK 1

## LEES

**Lukas 21:25-36**

25 "Daar sal tekens wees aan son, maan en sterre. Op aarde sal daar radeloosheid onder die volke wees uit angs vir die gebulder van die see en sy vloedgolwe. 26 Die mense sal beswyk van vrees en spanning oor die dinge wat oor die hele wêreld aan die kom is, want die kragte van die hemelruim sal ontwrig word. 27 En dan sal hulle die Seun van die mens met groot krag en majesteit op 'n wolk sien kom. 28 As hierdie dinge begin gebeur, staan dan regop en lig julle kop op, want dan is julle verlossing naby." 29 Toe vertel Hy hulle die gelykenis: "Let op die vyeboom en al die ander bome. 30 Sodra julle sien dat hulle begin uitloop, weet julle vanself dat die somer al naby is. 31 Net so moet julle ook, wanneer julle hierdie dinge sien gebeur, weet dat die koninkryk van God naby is. 32 Dit verseker Ek julle: Nog in die leeftyd van hierdie geslag sal al hierdie dinge gebeur. 33 Die hemel en die aarde sal vergaan, maar my woorde nooit. 34 "Wees op julle hoede dat julle gees nie deur onmatige etery en drinkery en deur die sorge van die lewe afgestomp word nie en dat daardie dag julle nie onverhoeds soos 'n vangnet oorval nie. 35 Daardie dag sal skielik op al die bewoners van die hele aarde neerkom. 36 Maar wees waaksaam en bid altyddeur dat julle die krag kan ontvang om deur al hierdie dinge wat gaan gebeur, behoue deur te kom en om voor die Seun van die mens te verskyn."

# VRYDAG - WEEK 1

**Lees: Lukas 21:25–36**

**SOAP: Lukas 21:27–28**

En dan sal hulle die Seun van die mens met groot krag en majesteit op 'n wolk sien kom. As hierdie dinge begin gebeur, staan dan regop en lig julle kop op, want dan is julle verlossing naby.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

Jesus het gesê dat die natuur vir ons tekens gee van verskillende seisoene. Daar sal ook tekens wees van sy komende wederkoms. Wanneer Jesus terugkeer, sal Hy kom as die kragtige Koning Jesus in al sy glorie! Almal sal Hom sien.

Jesus het ons vertel om gereed te wees vir sy wederkoms. Ons doen dit deur nie toe te laat dat ander dinge ons aandag weglei daarvan om met God te praat en uit die Bybel te leer nie. Hoe meer tyd ons saam met ons vriende spandeer, hoe beter leer ons hulle ken. Dieselfde is waar vir God ook.

God red mense soos ons, mense wat nie verdien om gered te word nie. Ons moet net in Jesus vertrou, Hom vra om ons te vergewe en toe te laat dat sy liefde ons harte verander. Wanneer Jesus terugkeer, kan ons ons koppe regop hou en na Hom kyk.

Vra God om jou te help om gereed te wees wanneer Jesus weer kom.

# HIERDIE WEEK HET EK GELEER...

Gebruik die spasie hier onder om 'n prentjie te teken of te skryf
oor wat jy hierdie week uit God se Woord geleer het.

WATTER DINGE VIER JOU KULTUUR TYDENS KERSFEES? OOR WIE GAAN KERSFEES VOLGENS DIE BYBEL? STEM DIE DINGE WAT JOU KULTUUR MET KERSFEES VIER OOREEN MET WAT DIE BYBEL LEER?

EK IS DANKBAAR VIR:

WEEK 2

# GEBED

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## GIDS VIR OUERS

**MEMORISEERVERS:**

Romeine 8:24–25

Karakter van God:

God is getrou

**HOOFBOODSKAP:**

Selfs alhoewel ons deur moeilike dinge in die lewe gaan, God is getrou! Ons kan Hom altyd vertrou.

**WEEKLIKSE TOEPASSING:**

Vertrou God in moeilike tye.

## WEEK 2

# ONS IS IMMERS GERED, EN ONS HET NOU HIERDIE HOOP. WAT 'N MENS AL SIEN, HOOP JY TOG NIE MEER NIE. WIE HOOP NOG OP WAT HY REEDS SIEN? MAAR AS ONS HOOP OP WAT ONS NIE SIEN NIE, WAG ONS DAAROP MET VOLHARDING.

ROMEINE 8:24-25

# MAANDAG - WEEK 2

## LEES

**Habakuk 1:1-4**

1 'n Uitspraak van die Here wat Hy aan die profeet Habakuk geopenbaar het. 2 Hoe lank moet ek om hulp roep voordat U hoor, Here, moet ek by U bly kla oor geweld voordat U red? 3 Waarom laat U my die onreg sien wat gedoen word, waarom kyk U toe as daar soveel ellende is? Oral rondom my is daar onderdrukking en geweld, en word daar getwis en gebaklei. 4 Die wet het nie meer krag nie, en daar geskied nie meer reg nie. Slegte mense het die oorhand oor die goeies, en so word die reg verkrag.

# MAANDAG - WEEK 2

**Lees: Habakuk 1:1–4**

**SOAP: Habakuk 1:2–4**

Hoe lank moet ek om hulp roep voordat U hoor, Here, moet ek by U bly kla oor geweld voordat U red? Waarom laat U my die onreg sien wat gedoen word, waarom kyk U toe as daar soveel ellende is? Oral rondom my is daar onderdrukking en geweld, en word daar getwis en gebaklei. Die wet het nie meer krag nie, en daar geskied nie meer reg nie. Slegte mense het die oorhand oor die goeies, en so word die reg verkrag.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

Dit kan voel asof jy vir 'n lang tyd vir Kersfees wag. Terwyl ons wag kan ons dalk dink aan al die goeie dinge in ons lewe of waarvoor ons hoop. Maar om te wag kan ons ook aan moeilike dinge laat dink.

Habakuk het geleef toe mense baie slegte dinge gedoen het en dit het gelyk asof hulle daarmee weggekom het. Habakuk het geweet dat God goed en kragtig is. Hy het God vertrou, maar hy kon nie verstaan hoekom God nie iets daaraan gedoen het nie.

Habakuk het geweet dat God geregtigheid sou bring, maar hy het nie geweet hoe lank hy sou moes wag nie.

Ons sal nie altyd verstaan hoekom party goed gebeur nie. Maar ons kan seker wees dat God in beheer is. Hy is goed en Hy het 'n plan vir ons. Jesus verstaan ons pyn. Hy het pyn ervaar toe Hy op die aarde geleef het en die Vader het 'n doel daarmee gehad; om ons te red! God gebruik baie keer moeilike tye om ons te leer om op Hom staat te maak.

# DINSDAG - WEEK 2

## LEES

**Psalm 13**

1 Vir die koorleier. 'n Psalm van Dawid. 2 Hoe lank
gaan U my nog bly vergeet, Here? Vir altyd? Hoe
lank gaan U nog van my af weg kyk? 3 Hoe lank
moet ek nog my eie planne maak en my dae met
kommer deurbring? Hoe lank sal die vyand my nog
oorheers? 4 Luister tog en antwoord my, Here my
God! Gee my tog nuwe lewenskrag. Ek wil nie sterwe
nie, 5 anders sê my vyand hy het my oorwin en juig
my verdrukkers oor my ondergang. 6 Ek hou vas aan
u troue liefde, oor die uitkoms wat U gee, juig my
hart. Ek wil sing tot eer van die Here, omdat Hy aan
my goed gedoen het.

# DINSDAG - WEEK 2

**Lees: Psalm 13**

**SOAP: Psalm 13:6**

Ek hou vas aan u troue liefde, oor die uitkoms wat U gee, juig my hart. Ek wil sing tot eer van die Here, omdat Hy aan my goed gedoen het.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

Toe Dawid hierdie psalm geskryf het, het hy vergete gevoel. God het nie gereageer op sy gebede op die manier hoe hy dit wou gehad het nie.

God is perfek. Hy ignoreer nie sonde nie, Hy straf dit. Óf ons ontvang die straf vir ons sonde, of Jesus ontvang dit. Jesus het geleef sonder om te sondig, maar Hy het die straf wat ons verdien het op Hom geneem deur aan die kruis te sterf. Wanneer ons ons geloof in Jesus plaas, is ons sondes volkome vergewe. Hy gee ons sy perfekte lewe!

God antwoord egter nie altyd 'ja' op ons gebede nie. Partykeer is sy antwoord 'nee' of 'wag'. Alhoewel dit frustrerend kan wees, kan ons Hom vertrou. Ons weet dat Hy getrou, liefdevol en goed is. Wanneer Hy 'nee' sê, of sê: 'wag', is dit omdat Hy beter planne vir ons het as waarvoor ons vra.

Vra God om jou te help om te vertrou dat sy maniere die beste is, selfs wanneer Hy 'nee' sê vir jou gebede, of sê: 'wag'.

# WOENSDAG - WEEK 2

## LEES

**Psalm 94**

1 Here, God wat onreg straf, U wat onreg straf, verskyn tog! 2 Kom, Regter
van die aarde, reken af met die mense wat hulle teen U verhef. 3 Hoe
lank, Here, hoe lank sal die goddeloses hulle nog verlustig in die leed
van ander mense? 4 Hulle kook oor van vermetelheid; almal wat onreg
doen, spog daarmee. 5 Hulle vertrap u volk, Here, hulle verdruk die volk
wat aan U behoort; 6 hulle vermoor weduwees en vreemdelinge, hulle
maak weeskinders dood 7 en dink die Here sien dit nie, die God van
Jakob met dit nie. 8 Gebruik tog julle verstand, julle wat so dom optree
onder die volk. Julle dwase, wanneer will julle dan verstandig word? 9
Sou Hy wat vir ons ore gemaak het, self nie kan hoor nie? Sou Hy wat vir
ons oë gemaak het, nie kan sien nie? 10 Sou Hy wat die nasies opvoed,
nie ook straf nie? Sou Hy wat die mensdom onderrig, self niks weet nie?
11 Die Here ken die gedagtes van die mens, Hy weet dit beteken niks. 12
Dit gaan goed met die mens wat deur U opgevoed word, Here, vir wie
U onderrig in u woord 13 en vir wie U rus gee na tye van teëspoed. Maar
vir die goddelose word die graf reeds gegrawe. 14 Die Here verstoot nie
sy volk nie, die volk wat aan Hom behoort, laat Hy nie in die steek nie. 15
Die regspraak sal weer regverdig wees, alle opregtes sal hulle daaraan
kan hou. 16 Wie staan by my teen dié wat my leed aandoen? Wie help
my teen mense wat my veronreg? 17 As die Here my nie gehelp het nie,
was die stilte van die graf seker al my tuiste! 18 Toe ek gedink het my
voete gly, het u troue liefde my regop gehou, Here. 19 Toe ek met baie
onrus in my binneste sit, Het u vertroosting my tot rus gebring. 20 U duld
geen korrupsie in die regspraak nie, geen mens wat, teen u gebod in,
ellende veroorsaak nie. 21 Hulle span saam teen die regverdige, hulle
veroordeel onskuldige mense tot die dood. 22 Maar vir my is die Here 'n
veilige vesting, my God is die rots waar ek kan skuil. 23 Hy sal hulle laat
boet vir hulle dade, Hy sal hulle verdelg oor hulle boosheid. Die Here ons
God sal hulle verdelg.

# WOENSDAG - WEEK 2

**Lees: Psalm 94**

**SOAP: Psalm 94:14–15**

Die Here verstoot nie sy volk nie, die volk wat aan Hom behoort, laat Hy nie in die steek nie. Die regspraak sal weer regverdig wees, alle opregtes sal hulle daaraan kan hou.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:



## DAGSTUKKIE

God is teenwoordig en aktief in die wêreld wat Hy geskape het. Hy werk altyd sy planne en doelwitte uit.

Toe hierdie psalm geskryf is, was die Israeliete God se mense. Hulle taak was om anders as die ander nasies te wees, om God aan die ander nasies te wys en om hulle te help om nader aan God te kom. Maar hulle het gekies om ongehoorsaam te wees en soos die ander nasies te wees.

In die Nuwe Testament is almal wat op Jesus vertrou, deel van God se kerk. Ons moet doen wat die Israeliete veronderstel was om te doen, deur ander mense te vertel van God en wat Jesus vir ons gedoen het. God het goeie planne vir ons lewens en ons kan Hom vertrou.

Wanneer dinge vir ons moeilik raak, kan ons die praktiese en getroue liefde en ondersteuning wat God vir sy mense het, onthou. Sy liefde troos ons en maak ons harte bly. Kom ons reageer op God se groot liefde vir ons deur ander mense van Hom te vertel.

# DONDERDAG - WEEK 2

## LEES

**Jesaja 40:1-11**

1 Die uitkoms is hier! Die uitkoms is hier! Dit, sê julle God, moet
julle vir my volk sê. 2 Bring vir Jerusalem die goeie tyding, sê vir
hom sy swaarkry is verby, hy het geboet vir sy sonde, hy het van
die Here die volle straf ontvang vir al sy sondes. 3 Iemand roep:
"Maak vir die Here 'n pad in die woestyn, maak in die barre
wêreld 'n grootpad vir ons God! 4 Elke bult moet 'n gelykte
word en elke koppie 'n vlakte. 5 Dan sal die mag van die Here
geopenbaar word; al wat leef, sal dit sien. Die Here self het
dit gesê." 6 Iemand sê: "Roep!" En ek vra: "Wat kan ek roep?
Aller mense is soos gras, alles waarop hulle staatmaak, is soos 'n
veldblom: 7 gras verdor en blomme verwelk as die Here sy wind
daaroor laat waai." Dit ís so, die volk is soos gras. 8 Gras verdor
en blomme verwelk, maar die woord van ons God bly vir ewig. 9
Klim op 'n hoë berg en roep hard, Sion, jy wat die goeie tyding
moet bring; roep hard, Jerusalem, jy wat die goeie tyding moet
bring, moenie bang wees nie. Sê vir die stede van Juda: "Julle
God is hier!" 10 Die Here God kom, Hy is die Magtige, Hy regeer.
Hy bring die volk saam wat Hy Syne gemaak het, dié wat aan
Hom behoort, is by Hom. 11 Soos 'n herder versorg Hy sy kudde:
die lammers maak Hy bymekaar in sy arms en hy dra hulle teen
sy bors, Hy sorg vir die lammerooie.

# DONDERDAG - WEEK 2

**Lees: Jesaja 40:1–11**

**SOAP: Jesaja 40:10–11**

Die Here God kom, Hy is die Magtige, Hy regeer. Hy bring die volk saam wat Hy Syne gemaak het, dié wat aan Hom behoort, is by Hom. Soos 'n herder versorg Hy sy kudde: die lammers maak Hy bymekaar in sy arms en Hy dra hulle teen sy bors, Hy sorg vir die lammerooie.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

In die Bybelse tyd, as 'n koning en sy weermag 'n oorlog gewen het, dan het hulle al die goud en ander kosbare juwele gevat as hulle prys. Dit was om te sê: "Ons het gewen!"

In Jesaja lees ons dat wanneer die opgestane Koning Jesus na die wêreld toe terugkeer, sal Hy die oorlog oor alles wat sleg is, wen. Jesus se prys is nie goud nie. Sy prys is die siele van die mense wat in Hom vertrou het. Ons is sy prys!

Alhoewel Jesus die vegter is wat wen, is Hy ook saggeaard. Hy word beskryf as ons Herder wat ons optel, ons na aan sy hart dra en ons lei. As iets beskryf word as "na aan jou hart," beteken dit dat dit vir jou kosbaar is. Jy is kosbaar vir Jesus.

Kom ons sê vir Jesus dankie dat Hy beide 'n sterk vegter is wat alles in hierdie wêreld wat verkeerd is sal oorwin en dat Hy ons Herder is wat ons liefhet, wat ons lei en dat ons vir Hom belangrik is.

# VRYDAG - WEEK 2

## LEES

**Romeine 8:18-25**

18 Ek is daarvan oortuig dat die lyding wat ons nou moet verduur, nie opweeg teen die heerlikheid wat God vir ons in die toekoms sal laat aanbreek nie. 19 Die skepping sien met gespanne verwagting daarna uit dat God bekend sal maak wie sy kinders is. 20 Die skepping is immers nog aan die verydeling onderworpe, nie uit eie keuse nie, maar omdat God dit daaraan onderwerp het. Daarby het Hy die belofte van hoop gegee: 21 die skepping sal self ook bevry word van sy verslawing aan die verganklikheid, om so tot die vryheid te kom van die heerlikheid waaraan die kinders van God deel sal hê. 22 Ons weet dat die hele skepping tot nou toe sug in die pyne van verwagting. 23 En nie net die skepping nie, maar ook ons wat die Gees ontvang het as die eerste gawe van God, ons sug ook. Ons sien daarna uit dat God sal bekend maak dat Hy ons as sy kinders aangeneem het: Hy sal ons van die verganglikheid bevry. 24 Ons is immers gered, en ons het nou hierdie hoop. Wat 'n mens al sien, hoop jy tog nie meer nie. Wie hoop nog op wat hy reeds sien? 25 Maar as ons hoop op wat ons nie sien nie, wag ons daarop met volharding.

# VRYDAG - WEEK 2

**Lees: Romeine 8:18–25**

**SOAP: Romeine 8:24–25**

Ons is immers gered, en ons het nou hierdie hoop. Wat 'n mens al sien, hoop jy tog nie meer nie. Wie hoop nog op wat hy reeds sien? Maar as ons hoop op wat ons nie sien nie, wag ons daarop met volharding.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

Hoop is anders as 'n wens. Hoop is om te vertrou dat God sal doen wat Hy gesê het Hy sal doen. Dit is 'n waarborg want God hou altyd sy beloftes.

Ons is gered want ons hoop is in God—Vader, Seun en Heilige Gees. Toe ons ons geloof in Jesus geplaas het, is ons gered. Vandag, soos ons Jesus vertrou, is ons gered. En môre, en al die dae wat sal volg, sal ons gered wees. Ons hoop is nie daarin om goed genoeg te wees nie. Ons hoop is in Jesus en Hy is goed genoeg.

Op die opwindende, vervelige, blye en ook hartseer dae kan ons aanhou, want ons hoop is vas. Ons vertrou in die Een wat alles wat ons kan sien geskape het. Ons is veilig in sy sorg.

Dank God dat jou dae veilig in sy hande is. Vra Hom vir die moed om aan te hou om jou vertroue in Jesus te plaas.

# HIERDIE WEEK HET EK GELEER...

Gebruik die spasie hier onder om 'n prentjie te teken of te skryf
oor wat jy hierdie week uit God se Woord geleer het.

## WATTER VRAE SAL JY GRAAG VANDAG VIR GOD WIL VRA?

## EK IS DANKBAAR VIR:

# WEEK 3

## GIDS VIR OUERS

**MEMORISEERVERS:**

Lukas 1:78–79

**KARAKTER VAN GOD:**

God herstel!

**HOOFBOODSKAP:**

God hou altyd sy beloftes en Hy sal die wêreld van gebrokenheid herstel. Ons kan bly wees want ons weet dat ons eendag geen pyn sal hê nie.

**WEEKLIKSE TOEPASSING:**

Wees bly in moeilike tye.

# GEBED

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEK 3

...DANKSY DIE GENADIGE ONTFERMING VAN ONS GOD. SOOS DIE MÔRESON SAL HY OPGAAN EN UIT DIE HOOGTE OP ONS AFSTRAAL, OM LIG TE BRING AAN DIÉ WAT IN DUISTERNIS EN IN DIE SKADUWEE VAN DIE DOOD LEWE, OM ONS VOETSTAPPE TE RIG OP DIE PAD VAN VREDE.

LUKAS 1:78-79

# MAANDAG - WEEK 3

## LEES

**Psalm 126**

1 'n Pelgrimslied.

Toe die Here die lot van Sion verander het, was dit vir
ons soos 'n droom. 2 Ons het gelag en gesing. Onder
die nasies het hulle gesê: "Die Here het groot dinge
aan hierdie mense gedoen." 3 Die Here hét groot
dinge aan ons gedoen; ons was bly. 4 Verander
tog ook nou ons lot, Here, soos U droë spruite in die
Suidland in waterstrome verander. 5 Wie met trane
saai, sal oes met gejuig inbring. 6 Al loop hy en huil
terwyl hy de saaisak dra, hy kom juigend terug terwyl
hy sy gerwe dra.

# MAANDAG - WEEK 3

**Lees: Psalm 126**

**SOAP: Psalm 126:4–6**

Verander tog ook nou ons lot, Here, soos U droë spruite in die Suidland in waterstrome verander. Wie met trane saai, sal die oes met gejuig inbring. Al loop hy en huil terwyl hy die saaisak dra, hy kom juigend terug terwyl hy sy gerwe dra.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

Hierdie is ook 'n psalm wat die mense van Israel gesing het soos hulle na Jerusalem toe geloop het. Terwyl hulle hierdie psalm gesing het, het die mense twee dinge gedoen.

Hulle het eerste teruggedink en God se getrouheid in verlede onthou: hoe Hy hulle van slawerny uit Egipte gered het, hoe Hy hulle die wet gegee het, hoe Hy hulle die land wat Hy belowe het, gegee het en hoe Hy, selfs toe hulle gerebelleer het, hulle nie gelos het nie, maar hulle eerder gedissiplineer en herstel het.

Tweedens het hulle vorentoe gekyk en God se beloftes vir hulle toekoms onthou: Hy het belowe om 'n Redder te stuur om hulle verhouding met Hom te herstel. Alhoewel hulle baie jare gewag het, het hulle met vreugde gesing en geglo dat God getrou sal wees.

Ons kan God dank wanneer ons sy getrouheid onthou. Sy beloftes word altyd waar.

# DINSDAG - WEEK 3

## LEES

**Sefanja 3:14-20**

14 Sing, Sion! Juig, Israel! Wees met alles wat jy is, vrolik
en bly, Jerusalem! 15 Die Here het 'n einde gemaak
aan jou straf, Hy het jou vyande laat padgee. Die
Koning van Israel, die Here, is by jou; jy hoef geen
ramp meer te vrees nie. 16 Daardie dag sal daar vir
Jerusalem gesê word: Moenie bang wees nie, Sion,
moenie jou hande moedeloos laat hang nie! 17 Die
Here jou God is by jou, Hy, die krygsman wat red. Hy
is vol vreugde oor jou, Hy is stil-tevrede in sy liefde.
Hy jubel en juig oor jou: 18 Ek maak dié bymekaar
wat treur, ver van die feestelikheid af, dié wat uit jou
uit kom en ter wille van jou die smaad gedra het.
19 Ek gaan nou optree teen almal wat jou verdruk
het, Ek gaan die kreupeles help, die verstrooides
bymekaarmaak en die vernedring wat hulle moes
ondergaan, in eer verander, in roem oor die hele
aarde. 20 Wanneer die tyd daar is, laat Ek julle kom,
maak Ek julle bymekaar en gee Ek aan julle roem
en eer onder al die volke op aarde; dit is die tyd
wanneer Ek julle lot verander, julle sal dit met julle
eie oë sien, sê die Here.

# DINSDAG - WEEK 3

**Lees: Sefanja 3:14–20**

**SOAP: Sefanja 3:17**

Die Here jou God is by jou, Hy, die krygsman wat red. Hy is vol vreugde oor jou, Hy is stil-tevrede in sy liefde. Hy jubel en juig oor jou.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

Die woorde wat ons sing is belangrik. Ons sing om mekaar op te bou en te onthou wie God is en wat Hy gedoen het. God wil hê dat ons die waarheid oor wie Hy is, onthou.

Maak nie saak waar jy is nie, Hy is met jou!

Hy is kragtig! Wanneer ons vir sy vergifnis vra, red Hy ons van ons sonde deur Jesus.

Hy is bly oor jou! Jy is spesiaal vir God. Hy het jou gemaak, Hy sien jou en Hy geniet om met jou te wees.

Hy is so lief vir jou en Hy is bly oor jou. Die hele hemel is bly wanneer iemand Jesus volg (Lukas 15:10).

In die Advent tyd sing ons baie blye liedere oor Jesus wat na die wêreld toe gekom het. Jesus was die antwoord op baie beloftes wat God gemaak het. Terwyl jy hierdie liedere sing, onthou hoe bly God oor jou is.

# WOENSDAG - WEEK 3

## LEES

**Lukas 1:5-25**

5 In die tyd van koning Herodes van Judea was daar 'n priester met die naam
Sagaria, uit die diensgroep van Abia. Ook sy vrou het van Aäron afgestam, en haar
naam was Elisabet. 6 Hulle was albei getrou aan die wet van God en het onberispelik
al die gebooie en voorskrifte van die Here onderhou. 7 Hulle het geen kind gehad
nie, omdat Elisabet onvrugbaar was. Buitendien was albei reeds op ver gevorderde
leeftyd. 8 Op 'n keer toe Sagaria in die beurt van sy diensgroep besig was om die
priesterdiens voor God te verrig, 9 is hy volgens die priesterlike gebruik deur die lot
aangewys om in die tempel van die Here in te gaan en die wierook op die altaar te
brand. 10 Terwyl die wierookoffer gebring is, was die hele volksmenigte buite besig
om te bid. 11 Toe verskyn daar aan die regterkant van die wierookaltaar 'n engel
van die Here aan hom. 12 Sagaria het geskrik toe hy hom daar sien staan en hy het
baie bang geword, 13 maar die engel sê vir hom: "Moenie bang wees nie, Sagaria,
want jou gebed is verhoor. Jou vrou, Elisabet, sal aan jou 'n seun skenk, en jy moet
hom Johannes noem. 14 Hy sal 'n bron van blydskap en vreugde vir jou wees, en
baie sal bly wees oor sy geboorte, 15 want hy sal groot wees in die oë van die Here.
Wyn en bier sal hy glad nie drink nie, en reeds van sy geboorte af sal hy met die
Heilige Gees vervul wees. 16 Hy sal baie uit die volk Israel laat terugkeer tot die Here
hulle God. 17 En hy sal voor die Here uit gaan in dieselfde gees en krag as Elia, om
vaders en kinders met mekaar te versoen, om ongehoorsames op die regte pad
terug te bring en om so vir die koms van die Here 'n volk voor te berei." 18 Toe sê
Sagaria vir die engel: "Waaraan sal ek dit weet? Ek is 'n ou man, en my vrou is al op
ver gevorderde leeftyd." 19 Die engel antwoord hom: "Ek is Gabriël, wat in diens van
God staan. Ek is gestuur om met jou te praat en hierdie goeie tyding vir jou te bring.
20 Kyk, jy sal stom wees en nie kan praat nie tot op die dag dat hierdie dinge gebeur,
omdat jy my woorde, wat op die bestemde tyd vervul sal word, nie geglo het nie."
21 Intussen het die volk vir Sagaria gestaan en wag en begin wonder waarom hy
so lank in die tempel bly. 22 Toe hy uitkom, kon hy nie met hulle praat nie. Hulle
kom toe agter dat hy in die tempel 'n gesig gesien het. Hy het net aanhoudend vir
hulle beduie en stom gebly. 23 Toe die tyd van sy tempeldiens om was, het hy huis
toe gegaan. 24 Na daardie tyd het sy vrou Elisabet swanger geword en haar vyf
maande lank afgesonder. Sy het gesê: 25 "Die Here het dit vir my gedoen. Nou het
Hy na my omgesien om my smaad onder die mense weg te neem."

# WOENSDAG - WEEK 3

**Lees: Lukas 1:5–25**
**SOAP: Lukas 1:13–17**
maar die engel sê vir hom: "Moenie bang wees nie, Sagaria, want jou gebed is verhoor. Jou vrou, Elisabet, sal aan jou 'n seun skenk, en jy moet hom Johannes noem. Hy sal 'n bron van blydskap en vreugde vir jou wees, en baie sal bly wees oor sy geboorte, want hy sal groot wees in die oë van die Here. Wyn en bier sal hy glad nie drink nie, en reeds van sy geboorte af sal hy met die Heilige Gees vervul wees. Hy sal baie uit die volk Israel laat terugkeer tot die Here hulle God. En hy sal voor die Here uit gaan in dieselfde gees en krag as Elia, om vaders en kinders met mekaar te versoen, om ongehoorsames op die regte pad terug te bring en om so vir die koms van die Here 'n volk voor te berei."

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:



## DAGSTUKKIE

God het vir vierhonderd jaar nie met sy mense gepraat nie. Uiteindelik het die engel Gabriël verskyn en met 'n man met die naam Sagaria, gepraat.

Sagaria en sy vrou, Elisabet was baie oud. Hulle het nie kinders gehad nie. Hulle het gebid vir kinders, maar hulle het al vir 'n lang tyd nie meer vir kinders gebid nie. Gabriël het egter vir Sagaria gesê dat sy gebed gehoor is en dat hy 'n seun gaan hê.

Die kind sou Johannes genoem word en hy sou aan God gewy word. Hy sou met die Heilige Gees gevul word voordat hy gebore sou word. As deel van die nuwe belofte deur Jesus, gee God ons die Heilige Gees om in ons te woon wanneer ons Christene word.

God het 'n spesiale taak vir Johannes: hy sou die mense voorberei om Jesus se boodskap te hoor.

Onthou dat God jou gebede hoor. Hy het ook 'n belangrike werk vir jou: om mense se harte voor te berei om die Goeie Nuus oor Jesus te hoor.

# DONDERDAG - WEEK 3

## LEES

**Lukas 1:57-80**

57 Toe die tyd gekom het dat Elisabet se kind gebore moes word, het sy 'n seun
in die wêreld gebring. 58 Haar bure en familie het gehoor dat die Here aan haar
groot ontferming bewys het, en hulle was saam met haar bly. 59 Op die agste
dag het hulle gekom om die kindjie te besny, en hulle wou hom Sagaria noem
na sy pa. 60 Maar sy ma het gesê: "Nee! Hy moet Johannes genoem word."
61 Hulle sê vir haar: "Daar is niemand in jou familie wat die naam het nie!" 62
Met gebare vra hulle toe sy pa hoe wil hy hê dat die kindjie genoem moet
word. 63 Hy vra toe 'n skryfbordjie en skryf daarop: "Johannes is sy naam." En
almal was verbaas. 64 Onmiddelik het Sagaria sy spraak teruggekry en begin
praat en God geprys. 65 Almal wat rondom hulle gewoon het, is met ontsag
vervul, en in die hele bergstreek van Judea is daar baie gepraat oor al hierdie
dinge. 66 Almal wat dit gehoort het, het daaroor nagedink en gevra: "Wat
sal hierdie kindjie eendag word?" Dit was duidelik dat die Here by hom was.
67 Sagaria, die kindjie se pa, is met die Heilige Gees vervul en het as profeet
gesê: 68 "Lofwaardig is die Here, die God van Israel, want Hy het sy volk in
genade opgesoek en vir hulle verlossing bewerk. 69 'n Sterk Verlosser het Hy vir
ons laat opstaan uit die huis van sy dienaar Dawid. 70 So het die Here dit reeds
van oudsher belowe deur die mond van sy heilige profete: 71 om ons te verlos
van ons vyande en uit die hand van al ons haters; 72 om Hom te ontferm
oor ons voorvaders en sy heilige verbond te onthou. 73 Met 'n eed het Hy dit
bevestig aan ons voorvader Abraham dat Hy sou gee dat ons, 74 gered uit die
hand van vyande, Hom onbevrees kan dien 75 in vroomheid en opregtheid
al die dae van ons lewe. 76 "En jy, kindjie, 'n profeet van die Allerhoogste
sal jy genoem word, want jy sal voor die Here uit gaan om sy pad gereed te
maak, 77 om kennis van verlossing aan sy volk mee te deel: verlossing deur
vergifnis van hulle sondes, 78 danksy die genadige ontferming van ons God.
Soos die môreson sal Hy opstaan en uit die hoogte op ons afstraal, 79 om lig
te bring aan dié wat in duisternis en in die skaduwee van die dood lewe, om
ons voetstappe te rig op die pad van vrede." 80 Die kindjie het opgegroei en
sterk geword deur die Gees en het in die woestyn gebly tot op die dag van sy
openbare verskyning in Israel.

# DONDERDAG - WEEK 3

**Lees: Lukas 1:57–80**

**SOAP: Lukas 1:76–79**

"En jy, kindjie, 'n profeet van die Allerhoogste sal jy genoem word, want jy sal voor die Here uit gaan om sy pad gereed te maak, om kennis van verlossing aan sy volk mee te deel: verlossing deur vergifnis van hulle sondes, danksy die genadige ontferming van ons God. Soos die môreson sal Hy opgaan en uit die hoogte op ons afstraal, om lig te bring aan dié wat in duisternis en in die skaduwee van die dood lewe, om ons voetstappe te rig op die pad van vrede."

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

# DAGSTUKKIE

Sagaria het nie geglo wat Gabriël vir hom gesê het nie, en toe het God gemaak dat Sagaria nie kon praat totdat die babatjie gebore sou word nie. Dit beteken dat hy vir nege maande lank nie kon praat nie!

Toe Johannes agt dae oud was, het hy in die openbaar sy naam gekry. Kinders het dikwels dieselfde naam as hulle ouers gekry. Maar Sagaria het hom Johannes genoem, soos Gabriël gesê het hy hom moes noem. Toe kon Sagaria weer praat. Hy het God geloof en almal vertel dat die beloofde Redder gaan kom.

Toe Johannes grootgeword het, het hy na die woestyn toe getrek. Hy het die mense wat na hom toe gekom het, geleer: "Bekeer julle en laat julle doop en God sal julle sondes vergewe" (Markus 1:4). Johannes het mense se harte voorberei om Jesus te hoor preek van genade, barmhartigheid en liefde, wat vrede tussen ons en God bring.

Jesus red ons van ons sonde. Hy het 'n perfekte lewe gehad, en tog aan die kruis gesterf en weer opgestaan en die dood oorwin. Sy dood beteken dat geregtigheid vervul is. Ons ontvang genade en vrede met God!

# VRYDAG - WEEK 3

## LEES

**Jesaja 35**

1 Die woestyn, die dor land, sal jubel, die droë wêreld sal juig,
oortrek met affodille; 2 hy sal in volle bloei staan, hy sal juig en
sing, hy sal die prag van die Libanon hê, die skoonheid van Karmel
en Saron. Israel sal die mag van die Here sien, die koninklike mag
van ons God. 3 Bemoedig dié wie se hande slap hang, help dié
wie se knieë knik, 4 sê vir dié wat moed verloor het: "Wees sterk,
moenie bang wees nie, julle God is hier, Hy kom om wraak te
neem, om julle vyande te straf; God kom julle red!" 5 Blindes sal
kan sien, dowes sal kan hoor, 6 lammes sal kan rondspring soos
takbokke, Stommes sal kan sing. Strome water sal uit die woestyn
uit bars; daar sal riviere loop in die droë wêreld. 7 Die verskroeide
aarde sal 'n moeras word, dorsland waterryke wêreld. Waar daar
nou net vir jakkalse lêplekke is, sal gras en riet en bessies groei.
8 Daar sal 'n grootpad deur die woestyn loop en dit sal bekend
staan as die gewyde pad. Onrein mense sal nie daarop loop nie,
dit sal net wees vir mense wat reg lewe; dwase sal nie meer op
die pad kom nie. 9 Daar sal nie leeus op die pad wees nie, daar
sal nie roofdiere op loop nie, hulle sal glad nie daar kom nie. Net
die mense wat deur die Here gered is, sal die pad gebruik. 10 Dié
wat deur die Here verlos is, sal terugkeer, hulle sal juigend in Sion
aankom, hulle sal altyd straal van blydskap, hulle sal vol vreugde
en blydskap wees; ellende en smart sal verdwyn.

# VRYDAG - WEEK 3

**Lees: Jesaja 35**

**SOAP: Jesaja 35:9–10**

Daar sal nie leeus op die pad wees nie, daar sal nie roofdiere op loop nie, hulle sal glad nie daar kom nie. Net die mense wat deur die Here gered is, sal die pad gebruik. Dié wat deur die Here verlos is, sal terugkeer, hulle sal juigend in Sion aankom, hulle sal altyd straal van blydskap, hulle sal vol vreugde en blydskap wees; ellende en smart sal verdwyn.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

God het vir Jesaja gestuur om slegte nuus aan die mense te vertel. God sou toelaat dat hulle van die land wat Hy vir hulle gegee het, weggeneem word, omdat hulle aangehou het om ongehoorsaam aan Hom te wees. Dit sou egter net vir 'n spesifieke tyd lank wees en God sou hulle terugbring.

Toe Hy hulle teruggebring het, was hulle ongelooflik bly, soos 'n kroon van vreugde op hulle koppe! Hulle het opgehou om valse gode te aanbid. Het hulle dit verdien? Nee, dit was God se genade. Sou hulle perfek wees? Nee. Hulle sou moes aanhou om vir God te vra om hulle te vergewe.

Hierdie Kersfees, onthou met groot blydskap dat God vir Jesus na hierdie wêreld gestuur het. Hy het gesê: " Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed" (Johannes 10:10).

Sê vir God dankie vir sy genade aan jou. Wat 'n vreugde om 'n vriendskap met Hom te hê en te weet dat Hy 'n plek vir jou voorberei om vir ewig saam met Hom te leef.

# HIERDIE WEEK HET EK GELEER...

Gebruik die spasie hier onder om 'n prentjie te teken of te skryf oor wat jy hierdie week uit God se Woord geleer het.

SKRYF 'N KORT GEBED VIR GOD WAAR JY HOM LOOF. HOE HET HY PARTY VAN JOU GEBEDE BEANTWOORD? SÊ VIR HOM DANKIE VIR DIE MANIERE HOE HY JOU GEBEDE BEANTWOORD HET OF JOU GEHELP HET WAAR JY HULP NODIG GEHAD HET.

EK IS DANKBAAR VIR:

WEEK 4

## GIDS VIR OUERS

**MEMORISEERVERS:**

Lukas 1:32–33

**KARAKTER VAN GOD:**

God seën sy mense

**HOOFBOODSKAP:**

Net soos God sy belofte gehou het om Jesus, die Messias, te stuur om ons van sonde te red, sal God sy belofte hou om Jesus na die aarde terug te stuur om ons te neem om vir ewig saam met Hom te lewe.

**WEEKLIKSE TOEPASSING:**

Loof God!

# GEBED

Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.

## WEEK 4

# HY SAL GROOT WEES EN DIE SEUN VAN DIE ALLERHOOGSTE GENOEM WORD. DIE HERE GOD SAL HOM DIE TROON VAN SY VOORVADER DAWID GEE, EN HY SAL AS KONING OOR DIE NAGESLAG VAN JAKOB HEERS TOT IN EWIGHEID. AAN SY KONINGSKAP SAL DAAR GEEN EINDE WEES NIE.

LUKAS 1:32-33

# MAANDAG - WEEK 4

## LEES

**Miga 5:1-3**

Maar jy, Betlehem-Efrata, jy is klein onder die families in Juda, maar uit jou sal daar iemand kom wat aan My behoort en hy sal in Israel regeer. Sy begin lê ver terug, in die gryse verlede! 2 Hy sal sy mense 'n kort rukkie prysgee, so lank as dit 'n vrou neem om 'n kind in die wêreld te bring. Dan sal dié uit sy familie wat die ramp oorleef het, terugkom na die Israeliete toe. 3 Hy sal na vore kom en sy volk lei deur die krag wat die Here hom gee, deur die sterkte van die Naam van die Here sy God. Hulle sal woon tot in die uithoeke van die aarde, want hulle leier sal sterk wees.

# MAANDAG - WEEK 4

**Lees: Miga 5:1-3**

**SOAP: Miga 5:3**

Hy sal na vore kom en sy volk lei deur die krag wat die Here hom gee, deur die sterkte van die Naam van die Here sy God. Hulle sal woon tot in die uithoeke van die aarde, want hulle leier sal sterk wees.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

Betlehem was 'n klein en onbelangrike plek in Israel. Die enigste iets waarvoor dit bekend was, was dat dit die plek was waar Dawid grootgeword het en as 'n skaapwagter geleef het.

Die profeet Miga het egter vir die mense vertel dat Betlehem die plek was waar God se beloofde Redder gebore sou word.

Toe die wyse manne by Koning Herodes se paleis aangekom het op soek na die koning van die Jode, het die skrifgeleerdes Miga 5:2 ontdek. Die wyse manne het na Betlehem toe gegaan om Jesus te vind. Dit was nie te ver weg nie.

Miga beskryf Jesus op twee maniere: as 'n Koning en as 'n Herder. Jesus is die dienende Koning (Matteus 20:28). Hy is ook die Goeie Herder wat sy lewe vir sy skape aflê (Johannes 10:14-15).

Sê vir Jesus dankie dat Hy ons dienende Koning en ons Goeie Herder is.

# DINSDAG - WEEK 4

## LEES

**1 Samuel 2:1-10**

1 En Hanna het gebid: "Ek jubel in die Here, ek is sterk in die Here. Ek lag my vyande uit, ek is bly oor die uitkoms wat U gegee het. 2 Daar is geen heilige soos die Here nie, buiten U is daar nie een nie, daar is geen rots soos ons God nie. 3 "Julle moenie in hoogmoed bly praat nie, moenie aanmatigende dinge sê nie, want die Here is 'n God van diepe kennis, dade word deur Hom getoets. 4 "Die boog van die matiges is verbreek, dié wat gestruikel het, het nuwe krag gekry. 5 Wie versadig was, moet hulle nou vir brood verhuur, wie honger was, het oorgenoeg om te eet. Die onvrugbare bring sewe in die wêreld, die een met baie kinders kwyn weg. 6 "Die Here maak dood en Hy maak lewend, Hy laat afdaal na die doderyk toe en Hy laat daaruit opkom. 7 Die Here maak arm en Hy maak ryk, Hy verneder, ook gee Hy aansien. 8 Hy laat die geringes uit die stof opstaan, Hy hef die armes op van die ashoop af, om hulle by vername mense te laat sit; Hy skenk hulle 'n ereplek. Aan die Here behoort die pilare van die aarde; Hy het die aarde daarop gegrondves. 9 "Hy beskerm sy troue dienaars op hulle pad, maar die goddeloses word stil gemaak in die duisternis van die graf. 'n Mens oorwin nie deur eie krag nie! 10 Dié wat teen die Here in opstand kom, word vernietig, van bo uit die hemel verbrysel Hy hulle. Die Here spreek reg tot by die eindes van die aarde, Hy verleen krag aan sy koning, Hy gee sterkte aan sy gesalfde."

**Psalm 113**

1 Prys die Here! Prys, dienaars van die Here, prys, die Naam van die Here! 2 Die Naam van die Here moet geloof word, nou en vir altyd. 3 Van waar die son opkom tot waar dit ondergaan, moet die Naam van die Here geprys word! 4 Hoog bo al die nasies heers die Here, sy mag strek selfs oor die hemele. 5-6 Wie in die hemel of op die aarde is soos die Here ons God, wat hoog woon en hier onder alles sien? 7 Die geringe help Hy op uit die stof, die arme laat Hy van die ashoop af opstaan 8 om hom by vernames van sy volk. 9 Aan die kinderlose skenk Hy 'n huisgesin, sy word 'n gelukkige moeder van kinders. Prys die Here!

# DINSDAG - WEEK 4

**Lees: 1 Samuel 2:1–10; Psalm 113**

**SOAP: Psalm 113:1–2**

Prys die Here! Prys, dienaars van die Here! Die Naam van die Here moet geloof word, nou en vir altyd.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

Hanna se gebed van 1 Samuel het die skrywer van Psalm 113 geïnspireer. Hierdie psalm moed ons aan om die Here nie net nou nie, maar vir ewig te loof! Die Here is die Koning op die troon. Daar is niks wat met sy grootheid kan vergelyk nie.

Die mense wat ons dink wat groot is—soos wêreldleiers, mense wat belangrike dinge uitgevind het of professionele atlete—is in God se oë dieselfde as die mense wat so arm is dat hulle in die stof lê. Die verskille tussen ons is klein in vergelyking met die verskille tussen mense en God.

Gelukkig gee God vir almal om. Hy is soveel groter as enige iemand waaraan ons kan dink!

Daar is nie ‘n mees oostelike of mees westelike punt op die aarde nie, want die aarde is rond. So wanneer vers 3 sê: “Van waar die son opkom tot waar dit ondergaan, moet die Naam van die Here geprys word”, beteken dit dat almal, orals God moet loof!

# WOENSDAG - WEEK 4

## LEES

**Lukas 1:26-45**

26 In die sesde maand van Elisabet se swangerskap het God die engel
Gabriël gestuur na 'n maagd in Nasaret, 'n dorp in Galilea. 27 Sy was verloof
aan Josef, 'n man uit die geslag van Dawid. Die naam van die maagd was
Maria. 28 Toe die engel by haar kom, sê hy: "Ek groet jou, begenadigde!
Die Here is by jou." 29 Sy was verbysterd oor die woorde en het gewonder
wat die begroeting tog kon beteken. 30 Die engel sê toe vir haar: "Moenie
bang wees nie, Maria, want God bewys genade aan jou. 31 Jy sal swanger
word en 'n seun in die wêreld bring, en jy moet Hom die naam Jesus gee. 32
Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word. Die Here
God sal Hom die troon van sy voorvader Dawid gee, 33 en Hy sal as koning
oor die nageslag van Jakob heers tot in ewigheid. Aan sy koningskap sal
daar geen einde wees nie." 34 Maar Maria sê vir die engel: "Hoe is so iets
moontlik, aangesien ek nog nooit omgang met 'n man gehad het nie?" 35
Die engel antwoord haar: "Die Heilige Gees sal oor jou kom, en die krag van
die Allerhoogste sal die lewe in jou wek. Daarom sal die een wat gebore
word, heilig genoem word, die Seun van God. 36 Kyk, 'n bloedverwant van
jou, Elisabet, het in haar ouderdom self ook 'n seun ontvang, en sy wat as
onvrugbaar bekend was, is nou al in haar sesde maand. 37 Niks is vir God
onmoontlik nie." 38 Maria sê toe: "Ek is tot beskikking van die Here. Laat met
my gebeur wat u gesê het." Toe het die engel van haar af weggegaan. 39
Maria het haar sonder versuim gereed gemaak en haastig na 'n dorp in die
bergstreek van Judea gegaan. 40 Daar het sy in Sagaria se huis ingegaan
en vir Elisabet gegroet. 41 Net toe Elisabet die groet van Maria hoor, het
die kindjie in Elisabet se moederskoot beweeg, en sy is met die Heilige Gees
vervul 42 en het hard uitgeroep: "Geseënd is jy onder die vroue en geseënd is
die vrug van jou moederskoot! 43 Waaraan het dit te danke dat die moeder
van my Here na my toe kom? 44 Kyk, net tie die geluid van jou groet in my ore
klink, het die kindjie in my van vreugde beweeg. 45 Gelukkig is sy wat glo dat
in vervulling sal gaan wat die Here vir haar gesê het!"

# WOENSDAG - WEEK 4

**Lees: Lukas 1:26–45**

**SOAP: Lukas 1:30–33**

Die engel sê toe vir haar "Moenie bang wees nie, Maria, want God bewys genade aan jou. Jy sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring en jy moet Hom die naam Jesus gee. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word. Die Here God sal Hom die troon van sy voorvader Dawid gee en Hy sal as koning oor die nageslag van Jakob heers tot in ewigheid. Aan sy Koninskap sal daar geen einde wees nie."

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

Elisabet (Sagaria se vrou) was ses maande swanger toe Gabriël aan Maria verskyn het. Hy het haar vertel dat sy ook 'n seun gaan hê en sy moet Hom Jesus noem.

Maria sou nie op 'n normale manier swanger word nie. Jesus sou anders wees, Hy is verwek deur die Heilige Gees, ten volle God en ten volle mens.

Maria was jonk, moontlik 'n tiener en wat Gabriël gesê het sou haar hele lewe verander. Tog het sy gereageer op God se roeping op haar lewe. Sy was gewillig, al het sy nie geweet hoe God dit alles sou uitwerk nie. Sy het Hom vertrou.

Gabriël het haar vertel dat Elisabet, 'n familielid van haar, swanger was en Maria het toe by Elisabet en Sagaria gaan bly. Johannes het van vreugde binne in sy moeder beweeg toe Maria gepraat het. Elisabet het Maria aangemoedig en gesê: "Gelukkig is sy wat glo dat in vervulling sal gaan wat die Here vir haar gesê het!" (Lukas 1:45).

Vra God om jou te help om te glo en Hom te vertrou, selfs al verstaan jy nie wat gebeur nie.

# DONDERDAG - WEEK 4

## LEES

**Psalm 123**

1 'n Pelgrimslied. Ek sien na U op, U wat die hemel
heers. 2 Soos die oë van 'n slaaf gerig is op die hand
van sy eienaar, soos die oë van 'n slavin gerig is op
die hand van haar eienares, so is ons oë gerig op
die Here ons God, totdat Hy Hom oor ons ontferm.
3 Ontferm U oor ons, Here, ontferm U oor ons, want
ons het meet as genoeg veragting gehad, 4 meer
as genoeg spot van oormoedige mense, Veragting
van hovaardiges.

# DONDERDAG - WEEK 4

**Lees: Psalm 123**

**SOAP: Psalm 123:1–4**

‘n Pelgrimslied. Ek sien na U op, U wat uit die hemel heers. Soos die oë van ‘n slaaf gerig is op die hand van sy eienaar, soos die oë van ‘n slavin gerig is op die hand van haar eienares, so is ons oë gerig op die Here ons God, totdat Hy Hom oor ons ontferm. Ontferm U oor ons, Here, ontferm U oor ons, want ons het meer as genoeg veragting gehad, meer as genoeg spot van oormoedige mense, veragting van hovaardiges.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

Vandag se psalm is nog een wat die Israeliete gesing het oppad na Jerusalem toe. Die mense sou opkyk en onthou dat God op sy troon is. Hy is in beheer.

Hulle sou wag, verwag dat Hy iets sou doen en vra dat Hy sy guns bewys. Hulle het gewag vir die dag wanneer die Beloofde Een sou kom en alle dinge reg sou maak. Hulle oë het gekyk. Hulle het gewag.

Wanneer ‘n vrou swanger is, is daar ‘n lang wag vir die baba om te kom, vir nege maande lank. Dit is ‘n wag met opgewondenheid, vol hoop. In die laaste paar maande kan jy die baba voel beweeg.

Maria se opgewondheid sou selfs groter wees. Sy was swanger met die Een wat vir generasies aan God se mense belowe is. Die dag van die Here se guns sou vinnig aanbreek. Jesus gaan kom!

Elke Kersfees onthou ons die grootste geskenk wat nog ooit aan ons gegee is: Jesus Christus, ons perfekte Verlosser. Ons onthou wat Hy vir ons gedoen het en dat Hy weer kom!

# VRYDAG - WEEK 4

## LEES

**Lukas 1:46-55**

46 En Maria het gesê: "Ek besing die grootheid van die Here, 47 ek juig oor God, my Verlosser, 48 omdat Hy na my In my geringheid omgesien het. Kyk, van nou af sal elke nuwe geslag my gelukkig noem, 49 omdat Hy wat magtig is, groot dinge aan my gedoen het. Heilig is sy Naam! 50 Hy bewys ontferming van geslag tot geslag aan dié wat Hom eer. 51 Kragtige dade het Hy met sy arm verrig: hoogmoediges in hulle eiewaan het Hy uitemekaargejaag; 52 maghebbers het Hy van trone afgeruk en geringes verhoog; 53 behoeftiges het Hy oorlaai met goeie gawes en rykes met leë hande weggestuur. 54 Sy dienaar Israel het Hy te hulp gekom deur te dink aan sy beloftes van ontferming 55 soos Hy dit toegesê het aan ons voorvaders, aan Abraham en sy nageslag tot in ewigheid."

# VRYDAG - WEEK 4

**Lees: Lukas 1:46–55**

**SOAP: Lukas 1:46–50**

En Maria het gesê: "Ek besing die grootheid van die Here, ek juig oor God , my Verlosser, omdat Hy na my in my geringheid omgesien het. Kyk, van nou af sal elke nuwe geslag my gelukkig noem, omdat Hy wat magtig is, groot dinge aan my gedoen het. Heilig is sy Naam! Hy bewys ontferming van geslag tot geslag aan dié wat Hom eer.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

Maria het geweet dat sy nie verdien het dat God haar gekies het om die moeder van Jesus te wees nie. God het haar gekies om 'n belnagrike deel van sy plan te wees om sy mense te red en sy het God met haar hele hart geloof.

God het Maria gekies, nie omdat sy geld of die regte vriende of die regte klere gehad het nie. Inteendeel, sy is gekies as gevolg van haar gesindheid en karakter. Maria het op God se goedheid vertrou.

Toe Maria gesê het dat God barmhartig is aan die wat Hom vrees, het sy nie bedoel die mense wat vir God bang is nie. Sy het bedoel dié mense wat God die respek en eer gee wat Hy verdien. Hy is magtig en heilig; Hy is volkome suiwer; Hy doen niks verkeerd nie.

Het jy Jesus gevra om jou van jou sondes te red? As jy het, wees saam met Maria bly en loof jou Verlosser. As jy dit nog nie gedoen het nie, hou aan om jou Bybel te lees en meer te leer oor wie Jesus is.

Ons wens jou 'n vreugdevolle, gelukkige Kersfees!

# HIERDIE WEEK HET EK GELEER...

Gebruik die spasie hier onder om 'n prentjie te teken of te skryf oor wat jy hierdie week uit God se Woord geleer het.

WATTER NUWE DINGE HET JY IN HIERDIE STUDIE OOR JESUS GELEER? HOE KAN JY VIR JOU FAMILIE EN VRIENDE VERTEL WAT JY GELEER HET?

EK IS DANKBAAR VIR: